**Goeie dood wat saggies byt.**
Ilse van Staden.
Pretoria: Protea Boekhuis, 2016. 253 pp.
ISBN: 978-1-4853-0547-7.
DOI: http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v53i2.25

Die roman begin met 'n krisis en 'n raaisel: John en Charlotte se geliefde boerboel Boela word deur 'n pofadder gebyt. As hulle by die spreekkamer van hulle naaste veearts opdaag, word hulle aangesê om verder te ry. Daar is "probleme" en 'n omstander lig hulle in dat dokter Hilda Vermaak hulle nie sal kan help nie (9). Die leser moet egter tot die einde van die roman wag om uit te vind wat die aard van die "probleme" is.

*Goeie dood wat saggies byt* is Ilse van Staden, wat bekend is vir haar Afrikaanse poësie, se eerste roman in Afrikaans. Van Staden behaal 'n graad in veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria en praktiseer vir agtien jaar as veearts. Sy het dus eerstehandse kennis van die onderwerp wat sy in die roman aanpak: die uitdagings waarvoor 'n jong vroulike veearts te staan kom. Soos Van Staden, is die hoofkarakter Hilda ook 'n kunstenaar. Hilda wonder gedurig of sy die regte keuse gemaak het om veeartsenykunde te studeer en of sy nie eerder kuns moes gekies het nie. Die hoofstukke in die roman spring tussen Hilda se studentedae en haar eerste paar jaar as praktiserende veearts. Dit is ietwat steurend dat Hilda as eerstepersoonsverteller aan die woord is in die "studentehoofstukke", terwyl haar perspektief in die "werkhoofstukke" deur 'n eksterne verteller weergegee word. Die rede waarom 'n eerstepersoonsperspektief nie deurgaans gebruik word nie, is waarskynlik omdat Hilda nie teenwoordig is in die proloog tot die roman nie (en daar in hierdie gedeelte dus nie van 'n interne verteller gebruik gemaak kan word nie) en om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die twee tydsgrepe. Die strategie is nie heeltemal sinvol nie, omdat die proloog nie uit Hilda se perspektief weergegee word nie, maar die res van die roman wel. Uit die inhoud van die hoofstukke sou dit ook vir die leser duidelik gewees het na watter tyd verwys word en is die wisselende perspektiewe nie nodig nie.

Deur gedetailleerde beskrywings kry die leser insig in die daaglikse werking van 'n veeartsenypraktyk. Die noukeurige uiteensetting van die een mediese prosedure ná die ander (alhoewel interessant) is egter soms lastig en versteur die vloei van die roman. In die eerste gedeelte van die roman het die toon van sommige van die beskrywings my gepla, byvoorbeeld: "In haar paniek, ongereed en onopgeskrop, sny sy die dooie tefie se buik oop. Behalwe die halwe vrot fetus, is daar nog twee dooies, aan die groen kant, en drie lewendes. Mens kan dadelik sien dat hulle pappa nie 'n foksterriër was nie" (38). 'n Informele, byna komiese frase soos "aan die groen kant" is vir my in teenstelling met die spanning van die oomblik. Later in die roman dink Hilda meer na oor haar rol as veearts en die keuses wat sy moet maak. Sy is nie altyd suksesvol in die behandeling van haar pasiënte nie. Vele diere gaan dood as gevolg van komplikasies en verkeerde diagnoses. Sy word selfs van nalatigheid aangekla by

die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad as 'n hond doodbloei omdat die inwendige steke wat sy ingesit het losgekom het (217). Sy besin veral ook oor die kwessie van eutanasie: die "goeie dood wat saggies byt" waarna die titel verwys. Oor die algemeen is Hilda ten gunste van genadedood, maar dit "voel [vir haar] soos moord" as sy 'n dier moet uitsit bloot omdat die eienaar nie vir behandeling wil betaal nie (178). Sy raak verder betrokke in 'n debat oor eutanasie vir mense met haar sekretaresse: "''n Mens kan net soveel pyn voel as 'n dier, Roelien, indien nie meer nie. Buitendien is 'n mens meer bewus, dink ek, meer....'" (146). Dit is onmoontlik om nie aan J. M. Coetzee se *Disgrace* te dink nie as dit by die kwessie van genadedood kom. My doel is geensins om Van Staden se roman met *Disgrace* te vergelyk nie, maar ek het tog gevoel dat 'n meer genuanseerde besinning oor die mag van die mens oor niemenslike diere nodig is in *Goeie dood wat saggies byt*.

'n Verdere tekortkoming van die roman is dat die sosiopolitieke konteks van die land grootliks buite berekening gelaat word. Hilda gradueer in 1996 (102) en is dus 'n student in die vroeë negentigs. Dit is geloofwaardig dat die wit studente van die tyd in die beskermde omgewing van die universiteit ongestoord voortgaan met hulle studies en "die roeringe in die land se politiek" (115) slegs terloops ter sprake kom in hulle gesprekke. 'n Refleksie oor hulle politiese naïwiteit deur 'n ouer Hilda sou egter van waarde gewees het om die skreiendheid van die situasie uit te lig. Die uitgesponne dialoog, wat meestal bestaan uit die grappies en geskerts van die studente, in die "studentehoofstukke" raak ook irriterend. Die styl waarin die roman grotendeels geskryf is, is in teenstelling met die tragiese afloop van die roman (wat ek nie wil verklap nie) wat daarom nie oortuig nie. Die roman poog om die ontnugtering van 'n eens naïewe kleindorpse meisie met haar beroep en persoonlike lewe uit te beeld, maar die donkerte wat in Hilda broei, word oorskadu deur staaltjies, 'n soms byna gemoedelike verteltrant en oormatige beskrywings van mediese prosedures.

Gewoonlik steur ek my nie veel aan hoe 'n boek lyk nie, maar die foto van 'n aggressiewe hond op die voorblad is meer gepas vir 'n riller as 'n roman wat te doen het met die verhouding tussen mens, dier en die dood. Die titelblad waarop die titel oor twee bladsye in groot, swart letters (waarvan sommige woorde in kursief en sommige in hoofletters is) na jou toe uitspring asof dit jou wil byt, het my ook afgesit.

Dat Van Staden kan skryf, is nie te betwyfel nie. Sy het 'n fyn waarnemingsvermoë en die subtiliteit waartoe sy in staat is, kom na vore in gedeeltes soos die volgende waar Hilda as student 'n weefselsnit onder die mikroskoop bestudeer: "Die gekleurde weefselsnitte met selwande en sitoplasma, vesikels en strukture, granules en kapsels kon net sowel uit die kwas van 'n skilder gekom het. Die fasette is ingekleur met seeblou en pers en magenta en kobalt en selfs oker. As ek dit maar kon skilder!" (93). Die fassinerende wêreld van veeartsenykunde is ook nog nie voorheen werklik ontgin in die Afrikaanse letterkunde

nie. Met meer nadenke en 'n strenger uitgewershand kon *Goeie dood wat saggies byt* veel meer geslaagd gewees het.

*Joan-Mari Barendse*
barendse@sun.ac.za
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch